# HARTENBOS VAKANSIEDORP HUISEIENAARSVERENIGING

NOTULE VAN ALGEMENE JAARVERGADERING NO 16
GEHOU OP 27 DESEMBER 2011 OM 09:00 IN DIE WALVISSAAL, HARTENBOS

1. **TEENWOORDIG:**
115 Lede soos per presensielys.

2. OPENING

Die vergadering word deur Ds. JJ Keyter met skriflesing en gebed geopen.

3. VERWELKOMING

Die voorsitter verwelkom al die teenwoordige lede. Die voorsitter maak melding van die lede wat gedurende die jaar oorlede is. Die vergadering betuig sy meegevoel staande met die naasbestaandes van die lede wat gedurende die jaar oorlede is.

4. NOTULE VAN JAARVERGADERING NO 15 GEHOU OP 28 DESEMBER 2010

Die notule van hierdie vergadering is aan al die lede gesirkuleer. Geen terugvoer rondom die korrektheid daarvan is ontvang nie en die notule is as korrek aanvaar. Sake in hierdie notule is in die Bestuursvergaderings in die loop van die jaar opgeneem en afgehandel.

5. VASSTEL VAN DIE SAKELYS

Die lede het kennis gekry van die sluitingsdatum vir die sakelys en die sakelys word vasgestel soos voorgelê.

6. VOORSITTER SE VERSLAG

6.1 WELKOM:
Baie welkom aan al die lede wat 'n tydjie kon afstaan om die vergadering by te woon. Bestuur het groot waardering daarvoor dat ondersteuning en belangstelling in die vereniging se sake op hierdie wyse gegee word. U insette is belangrik. Dit bly per slot van rekening u Vereniging.
Ons wil ook graag meegevoel betuig met familie lede wat 'n dierbare in hierdie jaar aan die dood afgestaan het.
Ek rapporteer graag namens die bestuur oor aspekte wat onder die bestuursfunksie resorteer. U sal die geleentheid kry om u opinie te lug soos die verslag vorder.

6.2 BESTUUR.
U het reeds in die nuusbrief kennis geneem van die samestelling van die Bestuur. Hulle het werklik hul kant gebring die af gelope jaar. Ek het ewe-eens groot waardering vir ondersteuning en gereelde bywoning. 'n Groot hoeveelheid korrespondensie en sake wat die vereniging raak word op die vergaderings

hanteer. Dikwels is hier moeilike kwessies en moet die bestuur oordeel waar die belang van die vereniging teenoor eie belang gedien word. Die administrasie van die vereniging het oor tyd al hoe meer tyd begin vra. Die bestuur het na opsies gekyk en daar is besluit om die vergoeding aan die sekretaris se kantoor te verhoog tot R6000 per maand. Dit kom neer op R15 per eenheid per maand teenoor ’n gemiddelde van R50 per eenheid per maand wat deur ander soortgelyke diensverskaffers gevra word.
Boeta van Heerden vra verskoning vir hierdie vergadering. Hy en sy gesin het gaan kyk hoe lyk ’n wit Kersfees in Rusland. Ons gaan vandag die gebruik volg om na elke item in die verslag u kommentaar te verkry.

6.3 TERUGVOERING VAN SAKE UIT JAARVERGADERING VAN 2010.

6.3.1 Daar was ’n versoek dat Executive Sekuriteitsdienste die vergadering moet bywoon. Dit is gereël. ’n Verteenwoordiger is hier. Ons sal hom geleentheid gee wanneer dienste onder punt no. 6.5 bespreek word.

6.3.2 Wegdoen met korting op heffing met vroeë betaling:
Bestuur het dit ondersoek en besluit dat moet gelaat word soos dit is. Die gee van ’n korting het oor tyd die uitstaande rekeninge van ongeveer 30% tot slegs drie rekeninge tans laat afneem. Dit help dus beslis om betalings te bespoedig.

6.3.3 Spesiale heffing om al die padwerk instandhouding eenmalig te doen.
’n Raming om al ons paaie eenmalig te herstel en daarna net instandhouding te doen is vanaf ons kontrakteur gekry. Die geraamde koste hiervan is nagenoeg R3,5 miljoen. Dit gee ’n eenmalige heffing van bykans R9 000 per lid. Die bestuur het besluit om nie hiermee voort te gaan nie.

4. PADINSTANDHOUDING.

’n Prioriteitslys vir herstel van strate is deur Marracon opgestel en lyk soos volg:
Port Natalweg,
Kamdebo,
Diamantveldlaan,
Duinelaan en
Hartslaan.

Die kwotasie vir Port Natalweg beloop R390,000. Daar is alreeds ’n begin gemaak met die stormwater afvoer. Werk is egter vertraag as gevolg ’n tekort aan teer, Die werk staan oor tot Februarie 2012. Bestuur is egter bewus van ander strate wat ook dringende aandag nodig het. Indien ernstig, sal die prioriteitslys verander word. Daar is voldoen aan die versoek van inwoners om spoedwalle aan te bring. Die plasing daarvan is gedoen in oorleg met die straat se inwoners en insette aan Marracon se ingenieurs. Veranderinge is aan bestaande spoedwalle gedoen. Bestuur vergewis hul dat al die partye tevrede is. Daar is vier bome teen ’n koste van R12000 verwyder wat ’n bedreiging vir skade aan huise ingehou het.

Bespreking

- Daar moet gekyk word na die spoedwalle in Tugelalaan. Voertuie wat swaar is sleep in die middel. Die spoedwal moet waarskynlik verleng word.
- Die straatname is dof en moet weer geverf word
- Die koste van instandhouding word bespreek. ’n Voorstel dat daar R50 per maand addisioneel bygedra word om die herstel van die paaie te ondersteun word gemaak.

**Besluit:**
Die vergadering besluit dat ’n addisionele heffing van R600 vir die huidige

jaar op lede gehef word om die instandhou van paaie te finansier.

5. GRASSNY DIENSTE.

Die Bestuur is nog tevrede met dienste van Denneoord Tuindienste, en het die kontrak hernu. U kommentaar sal verwelkom word. Lede word weer opnuut versoek om nie boomtakke, tuin afval en bourommel op die buurman se erf te stort nie.

Bespreking

Mev. van Niekerk maak beswaar teen die wyse waarop die tuindienste die boom op hulle sypaadjie gesnoei het. Sy versoek dat in die toekoms indien ŉ boom oor watter rede ookal gesnoei moet word die eienaar van die erf in kennis gestel word en dit daarna gereël word. Die bestuur sal die werkswyse met die kontrakteur opneem.

6. SEKURITEITSDIENSTE,

ŉ Verteenwoordiger van Executive Security is hier om vrae te beantwoord. Bestuur is daagliks met die sekuriteitspersoneel in kontak. Ons is tevrede dat gegee die opdrag en koste, die diens op ŉ aanvaarbare standaard is.

6.1 Inbrake:

Van tyd tot tyd het inbrake plaasgevind. Volgens verslae het dit egter afgeneem, gemeet teenoor verlede jaar. Ras du Toit op ons bestuur sal die saak verder toelig. Daar is heelwat gevalle waar huise se vensters na vertrek van die bewoners oopgelaat is, aangemeld. Deure word oopgelaat en word slegs op knip getrek. Ek meen dat dit ŉ ope uitnodiging vir diefstal is. Aantal inbrake wat op rekord geplaas is, is soos volg:

Ernstig 3,

minder ernstig 4,

arrestasies uitgevoer voortspruitend uit ŉ inbraak 3.

6.2 Vir die goeie orde word Executive Security se kontak nr. hier vermeld. Indien u enige verdagte persoon opmerk, **of dringende hulp nodig het, kan u 044-6912604 skakel.**

Bespreking

Ras du Toit gee statistiek deur van sake wat by die SAPD rapporteer is. Mnr. van den Berg bevraagteken dit aangesien daar die jaar reeds drie keer by sy huis ingebreek is. Ras sal dit opvolg.

Louis du Plooy beantwoord lede se vrae.

6.3. VULLISVERWYDERING.

6.3.1 Bestuur het soos in die verlede ŉ privaat kontrakteur aangestel om in spitstyd vullis te verwyder, ŉ Versoek aan Mosselbaai se Munisipaliteit om behulpsaam te wees, het op dowe ore geval. Die koste beloop nagenoeg R25 000.

6.3.2 Die swart sakke wat die stadsraad voorsien word nou versamel en gedurende die spitstyd by elke huis afgegee. Hierdie is ŉ inisiatief van die bestuur.

Bespreking

Die versamel en uitdeel van die sakke het sopas vir die eerste keer gebeur. Die saak en die hantering daarvan sal weer met die sekuriteit maatskappy opgeneem word.

6.4. BOUPLANNE EN BOUWERK.

6.4.1 Ongemagtigde bouwerk word van tyd tot tyd aan Bestuur gerapporteer. Lede wat hul daaraan skuldig maak sal ongelukkig die gevolge moet dra. Oprigting van houthuise (Wendy huise) vereis ook bouplanne.

6.4.2 Daar is ʼn onderhoud toegestaan aan ʼn argitek van Wilderness, met die besigheidsnaam van Chi Design Studio. Hierdie dame het ʼn passie vir die karakter en boustyl van die Vakansiedorp. Sy sou graag raad wil gee met aanbouings of nuwe geboue wat nie afbreek sal doen aan die vakansiedorp nie. U het reeds die dame se voorlegging aangehoor. Die inligting is agter in die saal beskikbaar.

6.4.3 Hierdie jaar 21 aanbouings en 3 nuwe geboue goedgekeur.

6.4.4 Een van ons Bestuurslede, Erina Marais is op die Wykskomitee van die plaaslike raadslid verkies en sal ook u belange daar dien.

Bespreking

Lede versoek die bestuur dat daar aandag gegee moet word aan die kontrole oor die personeel van bouers wat in ons area bou. Meeste diefstalle vind plaas in die omgewing waar ʼn bouery aan die gang is.

6.5 EIENDOMSBELASTING.

Voorsitter en Sekretaris het ons prokureur versoek om opnuut ondersoek in te stel na verligting van belasting vir lede. ʼn Advokaat se mening is daarna ingewin, en sy advies is dat die Huiseienaarsvereniging redelike vooruitsigte op sukses het in die voorgenome regsoptrede. Daar was sover terug as 2002 en weer in 2003 skrywes aan die Munisipaliteit gerig, maar sonder enige sukses. In terme van die bepaalde klousule van die belastingwet mag daar ʼn vermindering of korting toegestaan word aan privaat dorpe. Ons is ʼn privaat dorp. Daar is ʼn presedent geskep met die korting wat aan Vleesbaai en Boggomsbaai toegestaan is.

Bespreking

Deon Claasen sê dat hy heelwat statistiek bymekaar gemaak het oor transaksies in ons gebied. Indien ʼn eienaar beswaar wil maak teen sy waardasie kan die inligting ook by hom gekry word. Besware moet voor 6 Januarie 2012 ingedien word.

Die bestuur het deur ons prokureur die beleid van die stadsraad rakende eiendomsbelasting gekry. In terme van die beleid kan afslag aan erwe of groepe gegee word. Die bestuur het reeds kennis gegee dat ons teen die eiendomsbelasting tarief beswaar gaan aanteken sodra dit gepubliseer word.

6.6 WEBBLAD

6.6.1 Die vereniging se webblad is nou in volle werking. Al die permanente dokumente, geskiedenis, finansiële verslae en omsendbriewe is nou op die internet beskikbaar.

6.6.2 Op die ledeblad saam met die onsendbriewe is daar ʼn ruimte waar enige kommentaar deur lede gegee kan word en onderling inligting en menings uitgeruil kan word. Die webadres is in die laaste twee omsendbriewe uitgestuur.

6.6.3 U kan u opinie oor enige saak vir lede en die bestuur se aandag daar plaas.

6.7. KAROODORP VERKEERSPLAN.

6.7.1 Alvorens hierdie onderwerp bespreek word, wil ek beklemtoon dat die bestuur van die vereniging nog nooit "anti" enige projek of voorstel gestaan het nie. So ook nie met hierdie verkeersplan nie. Die bestuur het in die verlede en sal in die toekoms alle lede van die vereniging se belange dien.

Verskeie indiwiduele planne tov die verkeer deur Karoodorp is die afgelope ses

jaar bespreek en deur lede self implementeer. Die sukses was wisselend. Hier verwys ek na die aanbring van hekke en die kettings wat gespan is om die deurverkeer van voertuie te verhoed. Beide die stelsels het twyfelagtige sukses gehad.
In Terrein 194 en Plethoek is elektroniese hekke aangebring. Dit was uitsluitlik op koste van daardie huiseienaars en word op eie koste deur die eienaars in daardie areas bedryf.

6.7.2 Die voorstel van bestuur aan die vergadering as volg:

- Dat die 194 lede van Karoodorp die voorstelle vir die regulering van verkeer in Karoodorp kan oorweeg en daaroor besluit
- Dat die vereistes vir ’n kworum by so ’n vergadering dieselfde sal wees as die vir die AJV
- Dat die besluit deur die meerderheid geneem word en dat dit bindend op die al die lede van Karoodorp sal wees
- Dat die administratiewe reëlings deur die vereniging getref sal word
- Dat die finansiering van die projek uitsluitlik die verantwoordelikheid van die lede van Karoodorp sal wees.
- Dat verdere heffings op die lede van Karoodorp geplaas sal kan word sou die projek dit vereis.
- Wanneer die projek afgehandel is, is dit onderhewig daaraan dat die bedryf en onderhoud koste deur die eienaars in Karoodorp gedra sal word

Die Bestuur wil ooreenkomstig die konstitusie van die vereniging deur middel van ’n stemming van al die lede vasstel of Karoodorp se lede alleen oor die verkeer bestuursplan moet besluit of wil al die lede deel daarvan wees. Die bestuur is van mening dat daar sekere aspekte in die Verkeersplan en voorstelle aangespreek word waaroor al die lede van die vereniging moet besluit.
Byvoorbeeld
Die voorstel dat 35% van die heffing van Karoodorp se lede se afgesonder word vir “Karoodorp Projekte”.
Dreigende regsoptrede deur lede in Karoodorp wat van mening is dat hulle uitgesonder ene benadeel sal word deur die voorstelle.
Ek vertrou dat die besprekings in ’n goeie gees sal plaasvind. Die uiteindelike besluit moet tot voordeel van al die lede van hierdie vereniging wees.

Bespreking sal onder die spesifieke saak op die sakelys plaasvind

6.9 SLOTWOORD.
Baie dankie aan lede wat komplimente gegee het en positiewe kommentaar gelewer het. Ook weereens my dank aan elke Bestuurslid. Ek dink julle het julle goed van julle taak gekwyt. Kersfees is weliswaar verby, maar ek vertrou dat u ’n vreugdevolle dag saam met u gesin deurgebring het. Mag u net vreugde en voorspoed in 2012 ervaar. Ek wens dat u ’n ongelukvrye terugtog sal ervaar.

7. FINANSIëLE VERSLAG EN BEGROTING

Die geouditeerde finansiële state word aan die vergadering voorgehou. Die vergadering neem kennis. Die state sal by die eerste bestuursvergadering voorgelê word vir goedkeuring.

7.1 Agterstallige heffing het verminder tot drie rekeninge as volg

| Naam | Adres |
|---|---|
| M Wessels | Kangolaan 10 |
| DJJ Potgieter | Diamantveld 55 |
| EJ Janse van Rensburg | Rivieroewer 114 |

7.2 Die begroting word voorgehou. Die addisionele heffing vir die jaar vir instandhouding is reeds aanvaar

8 BESTUUR EN OPERASIONELE VERANTWOORDELIKHEID

Mnr. Deon Claasen versoek dat die pligte binne die vereniging so verdeel word dat kundigheid betrek word en die bestuur van die vereniging en die operasionele take geskei word. Die bestuur maak reeds vir al die van dag tot dag take gebruik van kontrakteurs. Die kundigheid van lede soos byvoorbeeld raadgewende ingenieurs word gebruik soos wat die behoefte daarvoor ontstaan. Hierdie saak sal by die bestuur verder gevoer word.

9 VERKEERSVLOEI EN BEHEER

9.1 Die voorstelle van Deon Claasen word aan 'n vergadering van die lede van Karoodorp voorgehou vir bespreking. Heelwat bespreking word gevoer. Die voorstel soos deur bestuur voorgehou onder punt 6.7.2 word aan die vergadering gestel.

BESLUIT

Die voorstel van bestuur word aanvaar

9.2 Afsonderlike vergadering van lede van Karoodorp

Die lede van Karoodorp vergader afsonderlik om die voorstelle vir Karoodorp te bespreek. Mnr. Deon Claasen lig sy voorstelle verder toe.

BESLUIT

Die lede van Karoodorp besluit dat daar nie verder met die ontwikkeling van die voorstelle voortgegaan moet word nie.

10. VERKIESING VAN BESTUUR

Die volgende persone is in terme van die Konstitusie en behoorlik vir die bestuur genomineer en by wyse van stemming tot die bestuur verkies.

Albert Grobler – 083 400 1221
Attie Goosen – 071 341 2496
Boeta van Heerden – 082 464 5434
Schalk van Vuuren – 083 628 7900
Ras du Toit – 083 415 7276
Mev E Marais – 083 233 7108
Mnre L M van Niekerk – 083 373 7400
Martine Mynhardt – 082 457 4573

Dries du Toit – 083 270 4695

BESLUIT

Die verkose bestuur kom net na die vergadering byeen en die volgende ampsdraers word voorlopig gekies:

| | |
|---|---|
| Voorsitter | Lukie van Niekerk |
| O/Voorsitter | - |
| Sekretaris | Schalk van Vuuren |

Dankbetuiging

Mnr. Lukie van Niekerk dra namens die vergadering sy dank oor aan die voorsitter vir wyse waarop hy die jaar die vereniging gedien het.

12 AFSLUITING

Die voorsitter bedank almal vir hulle teenwoordigheid en vir die deelname aan die vergadering. Hy spreek sy dank uit teenoor die ATKV vir die beskikbaar stel van hulle fasiliteite en wens almal ‘n voorspoedige Nuwejaar toe.

**GOEDGEKEUR EN ONDERTEKEN IN .................................................................. OP HIERDIE ................... DAG VAN ................................................................ 20 ................**

**---------------------------------**
**VOORSITTER**

**........................................**
**SEKRETARIS**